**HOËRSKOOL STRAND**

**VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S**

Ek, (skryf asseblief volle name netjies in blokletters) ____________________________ ____________________________, verleen hiermee toestemming aan Hoërskool Strand om foto's/beeldmateriaal/video's van die leerder(s) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook, Twitter en Instagram);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die leerder(s) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/ video's verskyn by die naam genoem mag word, die naam/name of ander persoonlik identifiseerbare inligting van die leerder(s) nie saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die leerder(s) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

**Naam/name van leerder(s):**

______________________________________________________________________________

_____________________________________________________

**Naam van ouer/voog:** _____________________________________________________

**Adres:** ______________________________________________________________________

**Stad:** ________________________________________________ **Poskode:** __________

**Telefoonnommer:**____________________________________________________________

**Handtekening van ouer/voog:***_________________________________________________

**Datum:** ____________________

*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.